Sondag 26 April

Skrifgedeelte: Jesaja 42:1-9

Fokusgedeelte: Jesaja 42:2, 3

## Sonder lawaai of groot bohaai

Die ballinge in Babel se lot is soos dié van 'n kind wat deur 'n bende aangerand en vir dood agtergelaat is. Jerusalem is verwoes, die tempel is verbrand. Alles wat kosbaar en heilig is, is weggevat. In hierdie doodstoestand hoor die kerk die genadewoorde van die profeet: Hy is my Dienaar wat ek uitverkies het.

- Hy sal nie roep nie.
- Hy sal nie hard skree nie.
- Hy sal nie sy stem op die straat laat hoor nie.
- 'n Geknakte riet sal Hy nie breek nie. 'n Dowwe lamppit sal Hy nie uitdoof nie.

Die styl van hierdie Dienaar is opvallend. 'n Mens verwag iemand met dinamietvuiste wat met krag en geweld orde op sake bring. Maar God wil anders. Hy taak sy Dienaar om sonder lawaai of bohaai die dowwe lamppit en geknakte riet heel te maak. 'n Swakkeling is Hy egter nie. Hyself sal nie geknak of uitgedoof word totdat sy taak voltooi is nie.

Hoewel die ballinge hierdie Kneg in hulle tyd nie beleef het nie, het God sy belofte wel later in 'n krip in Betlehem vervul. Dertig jaar later sou dit duidelik blyk dat hierdie Kind die uitverkore Kneg van Jesaja 42 is. Hy soek die siekes, melaatses, die randeiers van die samelewing op. Hy maak nie populistiese lawaai om mense se guns te probeer wen nie. Hy begryp wat sy doel is: om die verlore, vernielde skape van Israel op te soek.

Hy het wel baie se messiasverwagting teleurgestel. Maar Hy kon geen ander pad as die pad van lyding loop nie. Slegs deur sy wonde kon daar genesing vir sondaars kom. Jy het geloofsoë nodig om die Kind in die krip te herken vir wie Hy werklik is. Die geloofsoog kan nie die skaduwee van die kruis wat oor die krip hang, miskyk nie. Maar die geloofsoog sien ook meer. Daar is ook die skaduwee van die Hemelvaartwolk oor die krip. God se uitverkore Kneg was bestem om die pad van lyding na oorwinning en van oorwinning na heerlikheid voluit te loop. Die Kneg van Jesaja 42, die geslagte Lam, die Koning van alle konings aan God se regterhand is almal een en dieselfde Persoon!

En sy regeerstyl is nog dieselfde. Sonder lawaai of bohaai laat Hy sy teenwoordigheid in die lewe van mense geld. Nie met krag of geweld nie, maar met die swaard van die Gees vergader Hy sy kerk op aarde. Sonder lawaai of bohaai maak Hy harde harte sag, stukkende huwelike heel. Die wat moedeloos is, beur Hy op deur die Gees se inwonende teenwoordigheid.

Jesus regeer nie met lawaai nie, maar met krag en gesag. So sal sy koms op die wolke ook wees. Met krag en gesag. Die spotters en God haters sal dan verkrummel voor die lig van sy verblindende heerlikheid, maar die begenadigdes wie se oë geopen is, sal die Here se heerlikheid binnegaan.

*Sing: Skrifberyming 17-2:5, 6, 7*

*Ds. SPJ (Salmon) Vermaak (Emeritus)*